Jannie du Toit

Lirieke van my opnames. Meer te kry op my webblad
www.janniedutoit.com

NOGTANS SAL EK JUIG

Musiek: Christa Steyn
Teks: Jannie du Toit

(Habakuk 3)

Selfs al sou die vye ophou bloei
Selfs al sou die druiwe skaars nog groei
Ook al sou die oes maar wees misluk
Storms als verwoes of droogte druk

Selfs al sou my skape ophou lam
Nes die water opdroog in die dam
Ook al word die beeste in my kraal
uitgeteer deur honger, weiveld kaal

Dan sal my hart bly jubel in die Here
Dan bly ek juig in die God van my heil
Hy gee my weer krag om op te staan
Nes 'n ribbok rats my weg te baan
Bo-oor die hoogste rots
Laat die Heer my veilig gaan
Wat ookal gebeur - as onheil kom
Ek vertrou op Hom

Selfs al sou jou vye ophou bloei
Selfs al sou jou druiwe skaars nog groei
Ook al dreig die storms rondom jou
Wees verseker – Hy bly getrou
Hy bly getrou